



Gouwsberg Tuli Stoet





Kontak Werner Gouws

082 853 4483 • werner@gouwsbergtulis.co.za
Posbus 186 • Bronkhorstspuit • 1020
www.gouwsbergtulis.co.za

SELEKSIEBESLUIT

VIR DIE KOMMERSIËLE VLEISBEESBOER

deur Japie van der Westhuizen

Die koeikudde op die vleisbeesboer se plaas maak feitlik honderd persent uit van die teeltrop. Verder dui navorsing daarop dat, in terme van onderhoud, die koei meer as 85% van die energie vir onderhoud van die koei-kalf paar verbruik. Indien haar kalf gespeen word en beide haar inname en die van die kalf tot hy deur die voerkraal is, staan die onderhouds-inname van die koei steeds op oor die 70%. In essensie beteken dit dus dat doeltreffende koeie sorg vir 'n doeltreffende kudde, beide biologiese en ekonomiese doeltreffendheid. Die eerste beginsel is om dus te kyk na die totale verhouding van uitsette versus insette.

Vir die vleisbeesboer is uitsette vanaf sy plaas (ongegag die produksiestelsel) en die totale waarde daarvan soos volg:

(Die totale aantal verkoopbare nageslag X gemiddelde gewig van die nageslag X prys per kilogram) PLUS (Die totale aantal verkoopbare uitskot diere X gemiddelde gewig van die uitskot diere X prys per kilogram).

Uitgesluit die vaste koste-items, is die insetkoste gekoppel aan die volgende elemente:

(Die totale aantal teeldiere X gemiddelde onderhoudskoste per teeldier) PLUS (Die totale aantal vervangingsdiere X onderhoudskoste per vervangingsdier).

Hierdie faktore bepaal dus die marge en hoe meer positief, hoe beter is die kans vir netto wins. Dit is dan ook nie snaaks dat waardes soos kilogram of Rand per hektaar as norme in die verband gebruik word nie. Ten einde dus suksesvol te selekteer moet kommersiële vleisbeesboere dus aandag gee aan die eienskappe wat dit sal verseker. Feitlik alle eienskappe word aan totale koeidoeltreffendheid gekoppel. In die eerste plek moet die kommersiële produsent eie seleksie van sy vroulike diere op sy plaas doen. Praktiese riglyne is soos volg:

Selekteer en hou vroulike diere wat vroeg kalf (eerste in die kalfseisoen en so jonk as wat die bestuurspraktyke en die omgewing toelaat), wat gereeld elke jaar kalf, goed vir hulle kalwers sorg (soos weerspieël in swaar speengewigte, relatief tot hulle eie volwasse gewigte) en waar hulle dogters dieselfde patroon volg. Dit is slegs moontlik met goeie rekordhouding en die toepassing van beperkte paarseisoene om die erosie-diere dadelik te identifiseer. Geen vers behoort 'n tweede kans gegee te word nie aangesien sy nie 'n kalf het wat soog tydens dekking nie. Vir hierdie rede kan die paarseisoen vir verse beperk te word tot slegs ses weke maar paar 15% tot 20% meer verse as wat nodig is vir vervanging en skot almal uit wat nie dragtig is nie. Hierdie paarseisoen kan ook vroeër in die seisoen wees as vir die koeitrop (4 tot 6 weke). Beperk die paarseisoen van die koei ook so veel as moontlik. Suksesvolle boere paar nie vir meer as twee maande nie en skot steeds die koeie uit wat in die laaste paar weke van die seisoen kalf. Hulle is gewoonlik die wat langer tussenkalfperiodes het of selfs langer draagtydperke. Die volgende stap is om (in die afwesigheid van BLUP teelwaardes vir die kommersiële diere) die swakste kalwers binne die groep nie as vervangings te oorweeg nie en, meer belangrik elke jaar koeikaarte van die hele koeitrop te trek en die swak moeders te identifiseer (dit is selfs na uitskot van die wat oorgeslaan het of laat gekalf het). Naspeense groeitempo of enige ander eienskap is slegs belangrik indien die boer daarvoor vergoed word. Belangrikste is egter dat die vervangingsversies op dektyd wel teikengewigte bereik.

Bulseleksie is egter krities ten einde te verseker dat langtermyn wins verseker sal word. Dit is bekend dat die bul se impak groot is omdat hy 50% tot elke kalf se gene bydra maar baie nageslag verwek. Die orde van belangrikheid van sy genetiese meriete is ook egter gebou rondom koeidoeltreffendheid en sluit dus die volgende eienskap-groeperings in:



Vrugbaarheid – met ouderdom eerste kalf en tussenkalfperiode teelwaardes as maatstawwe.

Gemak van kalwing – met direkte geboortegewig en dogter se nageslag se geboortegewigte teelwaardes as maatstawwe.

Sorg as moeder – met sy dogters se melk genetiese meriete (teelwaarde) as maatstaf.

Groeivermoë – beide voor- en naspeen soos weerspieël in die direkte teelwaardes vir die betrokke eienskappe.

Onderhoudsbehoefes van dogters – soos weerspieël in volwassegewig teelwaardes.

Daarom baie makliker te maak vir kommersiële vleisbeesboere het Stamboek 'n koeiwins waarde ontwikkel wat dui op die Rand per hektaar wins (of verlies) geskoei op stoetdiere se genetiese meriete van al die eienskappe wat moontlik 'n bydrae kan maak. Kopers van bulle kan bloot na die syfer kyk en sodoende die bulle met die beste genetiese meriete (wat bekostigbaar is) kies of meer gesofistikeerd ook die bydraende eienskappe of groepe eienskappe in ag neem. Stamboek katalogusse gaan in die toekoms 'n oog-op-slag blik gee om die keuses te vergemaklik. Intussen is die inligting reeds beskikbaar op die logix webwerf. Die onderstaande voorbeelde van drie bulle maak dit baie duidelik. Let daarop dat die gelyste eienskappe nie net bloot die bydraers van koeiwaardes weerspieël nie maar ook ander ekonomies belangrike eienskappe wat bydra tot voerkraal wins en karkaskwaliteit.

BUL 1			BUL 2			BUL 3		
Seleksie Waardes			Seleksie Waardes			Seleksie Waardes		
Produksie Waarde	★★★★★	15466	Produksie Waarde	★★★★★	12894	Produksie Waarde	★★★★★	15402
Koei Waarde	★★★★★	14888	Koei Waarde	★★★★★	14754	Koei Waarde	★★★★★	14754
Groei Waarde	★★★★★	13492	Groei Waarde	★★★★★	9561	Groei Waarde	★★★★★	15445
Sub Seleksie Waardes			Sub Seleksie Waardes			Sub Seleksie Waardes		
Kalfgemak Waarde	★★★★★	12466	Kalfgemak Waarde	★★★★★	15136	Kalfgemak Waarde	★★★★★	10372
Melk Waarde	★★★★★	15492	Melk Waarde	★★★★★	8992	Melk Waarde	★★★★★	13007
Kalf Groei Waarde	★★★★★	10796	Kalf Groei Waarde	★★★★★	8797	Kalf Groei Waarde	★★★★★	13675
Volwasse Gewig Waarde	★★★★★	9561	Volwasse Gewig Waarde	★★★★★	11160	Volwasse Gewig Waarde	★★★★★	7048
Vrugbaarheids Waarde	★★★★★	8167	Vrugbaarheids Waarde	★★★★★	10845	Vrugbaarheids Waarde	★★★★★	9478
Groei Teelwaardes			Groei Teelwaardes			Groei Teelwaardes		
Geboorte Direk	★★★★★	13668	Geboorte Direk	★★★★★	15143	Geboorte Direk	★★★★★	10891
Speen Direk	★★★★★	10796	Speen Direk	★★★★★	8897	Speen Direk	★★★★★	13975
Na Speen Groei	★★★★★	12788	Na Speen Groei	★★★★★	8973	Na Speen Groei	★★★★★	13905
Volwasse Gewig	★★★★★	9242	Volwasse Gewig	★★★★★	9450	Volwasse Gewig	★★★★★	11444
Melk (Speen Maternaal)	★★★★★	13463	Melk (Speen Maternaal)	★★★★★	8845	Melk (Speen Maternaal)	★★★★★	12967
Gemiddelde Daaglikse Toename	★★★★★	12589	Gemiddelde Daaglikse Toename	★★★★★	10572	Gemiddelde Daaglikse Toename	★★★★★	15701
Voeromsat Verhouding	★★★★★	11928	Voeromsat Verhouding	★★★★★	10349	Voeromsat Verhouding	★★★★★	13929
Reproduksie Teelwaardes			Reproduksie Teelwaardes			Reproduksie Teelwaardes		
Strotum Omvang	★★★★★	10290	Strotum Omvang	★★★★★	14981	Strotum Omvang	★★★★★	14275
Ouderdom 1st Kalf	★★★★★	11715	Ouderdom 1st Kalf	★★★★★	10485	Ouderdom 1st Kalf	★★★★★	9045
Inter Kalf Periode	★★★★★	7439	Inter Kalf Periode	★★★★★	10836	Inter Kalf Periode	★★★★★	9932
Raam Teelwaardes			Raam Teelwaardes			Raam Teelwaardes		
Liggings Hoogte	★★★★★	9560	Liggings Hoogte	★★★★★	11881	Liggings Hoogte	★★★★★	13375
Liggings Lengte	★★★★★	11139	Liggings Lengte	★★★★★	11579	Liggings Lengte	★★★★★	15772
Karkas Teelwaardes			Karkas Teelwaardes			Karkas Teelwaardes		
Onderhuidse Vet	★★★★★	16128	Onderhuidse Vet	★★★★★	9041	Onderhuidse Vet	★★★★★	11524
Oogspier Oppervlak	★★★★★	13624	Oogspier Oppervlak	★★★★★	8750	Oogspier Oppervlak	★★★★★	15622
Marmering	★★★★★	13723	Marmering	★★★★★	5077	Marmering	★★★★★	11923
Uitslag %	★★★★★	4340	Uitslag %	★★★★★	10983	Uitslag %	★★★★★	9730
Vleis Opbrengs	★★★★★	8590	Vleis Opbrengs	★★★★★	11233	Vleis Opbrengs	★★★★★	13290

Figuur 1. Die vergelyking van drie top bulle op grond van hulle genetiese meriete vir belangrike eienskappe.

Al drie bulle wat in Figuur 1 aangedui word sal hoogs winsgewende dogters teel (Bul 2 is 'n vier en 'n half ster bul terwyl Bulle 1 en 3 beide vyfster bulle is vir koei (wins) waarde). Tog verkil die bulle in baie opsigte ten opsigte van hulle genetiese meriete vir individuele ekonomies belangrike eienskappe. Bul 1 is 'n vyfster vir melk en Bul 3 'n vier en 'n half ster vir kalfgroei en Bul 2 'n vyfster vir kalfgemak. Alhoewel Bul 2 ligte geboortegewigte sal gee sal sy nageslag gemiddeld vaar in die voerkraal (twee en 'n half sterre vir Groeiwaarde) sal hulle bo gemiddeld uitslag en karkas vleisopbrengs lewer (drie sterre vir beide). Die uitmuntende groei en bespierung van Bul 3 is duidelik, ook soos gesien kan word uit sy genetiese meriete vir oogspieroppervlak en vleisopbrengs (spier tot been verhouding). Die Produksiewaarde is 'n samevoeging van die Koeiwaarde en Groeiwaarde.

Uitmuntende diere vir die waarde sal nageslag lewer wat uitstaande is as koeie terwyl manlike nageslag sal presteer in die voerkraal.

Naskrif: Die berekening en gevolglike publikasie van alle waardes is afhanklik van vir meting van die betrokke eienskappe. In sekere gevalle sal rasse byvoorbeeld nie Groei- en Produksiewaardes beskikbaar hê nie. Dit kan eers volg sodra voldoende metings beskikbaar is vir die betrokke eienskappe. ■

“Stamboek katalogusse gaan in die toekoms ‘n oog-op-slag blik gee om die keuses te vergemaklik. Intussen is die inligting reeds beskikbaar op die logix webwerf.”

Veeboerdery

WINSGEWEND OF 'N VERLIES?

Op die vraag: “Wat doen jy?” kry ek baie verskillende antwoorde: Ek is 'n boer; ek is 'n landboukundige; ek is 'n veearts of iets dergliks.

My antwoord hierop is: “Nee, jy as Veeboer is verantwoordelik vir Voedselsekuriteit en Voedselveiligheid asook Dieregesondheid! Die Afrikaanse woord LANDBOUER kom dan tot sy reg.

VOEDSELSEKURITEIT

Alle mense op aarde moet elke dag eet. Ons as boere in Suid-Afrika voorsien in hierdie behoefte van 'n steeds groeiende populasie tuis, maar dan ook vir die res van Afrika en ander lande.

Prakties beteken dit vir die beesboer dat daar optimaal geproduseer moet word. Indien moontlik moet elke vroulike dier elke jaar kalf en moet hierdie kalf optimaal groei tot op speenouderdom. Hierdie kalf kan dan as speenkalf verkoop word aan die voerkrale, self gevoer word of as teeldier teruggehou word vir eie gebruik of vir latere verkoop.

VOEDSELVEILIGHEID

Die verbruiker en owerhede vereis al hoe meer dat produkte aan sekere veiligheidsstandaarde voldoen. Naspeurbaarheid is die wagwoord. Die produk wat gelewer word, moet nagespeur word na die dier en plaas van oorsprong. Die produk moet aan 'n sekere standaard voldoen, vry van residue (antibiotika en chemiese produkte), siektes (virusse en bakterieë) en parasiete (masels).


DIEREGESONDHEID (BIOSEKURITEIT)

Beveiliging van jou plaas

Die grondbeginsel van suksesvolle beesboerdery begin by die beveiliging van jou plaas. Die drade op die plaas moet gereeld nagegaan word om te verhoed dat eie diere nie met vreemde diere in aanraking kan kom nie. Die belangrikste is daarom ook om toegangsbeheer toe te pas en voertuie wat diere vervoer en aflaai se bande moet gesteriliseer word by die toegangshek. Diere moet in 'n kwarantynarea afgelaai word.


Geslagsiekte Vibriose (2017)

Bethal, Bronkhorstspuit, Klerksdorp, Lichtenburg, Ventersdorp, Vryburg, Mokopane, Brits, Stella, Bloemfontein, Bothaville, Clocolan, Dewetsdorp, Ficksburg, Frankfort, Hertzogville, Hoopstad, Kroonstad, Ladybrand/Excelsior, Parys, Reitz, Senekal, Viljoenskroon, Winburg, Estcourt, Kokstad, Mooirivier, Underberg, Vryheid, Queenstown, Humansdorp, Swellendam



Geslagsiekte Trigomonose (2017)

Balfour, Bethal, Ermelo, Grootvlei, Lydenburg, Middelburg, Piet Retief, Standerton, Volksrust, Bronkhorstspuit, Bela-Bela, Makhado, Modimolle, Mokopane, Christiana, Leeudoringstad, Klerksdorp, Lichtenburg, Schweizer – Reneke, Stella, Ventersdorp, Vryburg, Bethlehem, Bloemfontein, Bothaville, Clocolan, Dewetsdorp, Ficksburg, Frankfort, Harrismith, Hertzogville, Hoopstad, Kroonstad, Ladybrand/Excelsior, Memel, Parys, Reitz, Senekal, Viljoenskroon, Villiers, Vrede, Winburg, Zastron, Bergville, Dundee, Estcourt, Kokstad, Mooirivier, Newcastle, Underberg, Vryheid, Aliwal-Noord, Jeffreysbaai, Queenstown, Darling, Kuruman, Postmasburg



Dit is belangrik dat hierdie beginsel ook met al jou bure bespreek word sodat 'n hele area beveilig word. Onthou dat diere by grensdrade in aanraking met mekaar kan kom en dat bakterieë soos bv. brusellose en lintwurmeiers, wat masels veroorsaak, met waterbane kan versprei. As jou bure wildebeeste het, kan die virus wat snotsiekte veroorsaak groot verliese tot gevolg hê. Onlangs het hondsdoelheid, wat heelwaarskynlik deur jakkalsbyte veroorsaak is, tot 27 vrektes binne 2 weke gelei. Jakkalse het waarskynlik deur grensdrade gekruip. Indien uitbreke in die area voorkom, moet diere voorkomend ingeënt word. Mense kan infektiewe organismes met hulle skoene op die plaas inbring en daarom kan 'n boer nie te versigtig wees nie! Indien met diere gewerk gaan word, kan skoon oorpakke en waterskoene vir hierdie doeleindes aan werkers en

besoekers verskaf word. Maak veral seker dat veeartse, adviseurs en werkers hieraan voldoen.

Siektevoorkoming

Wees bedag daarop om geen dier op die plaas in te bring as die dier nie afkomstig is van 'n kudde wat beesbrusellose vry getoets is nie!


Brusellose is 'n kuddesiekte en daarom kan 'n mens mislei word deur net te verklaar dat verse negatief getoets is, maar wat is die status van die kudde? Onthou dat verse eers positief toets nadat hulle gekalf het! Hou dus verse wat gekalf het apart totdat hulle gekalf het en laat hulle toets.

Ander siektes wat ingekoop kan word, is bv. tering, deksiektes (trigomonose en vibriose). Laat jou veearts die bulle vir hierdie siektes toets al het jy 'n sertifikaat ontvang om sodoende dubbel seker

te maak dat hulle vry van deksiektes is. As jou bul oor die draad gespring het en by die bure se ongetoetste koeie was, het jy 'n probleem! Drie negatiewe toetse sal vir jou vrede in jou hart gee. Sukses kan gemeet word daaraan dat elke volwasse vroulike dier elke jaar kalf, die kalf speen en weer dragtig raak! **Vind presies uit waarteen diere geïmmuniseer is en besluit met die hulp van jou veearts watter program gevolg gaan word.** Wees veral bewus van miltsiekte, verskillende klostridiale siektes, lamsiekte, brusellose, BVD, knopvelsiekte, Slenkdalkoors, Afrika- en Asiatiese rooiwater, anaplasmose en as diere gevoer gaan word die verskillende bakterieë wat longontsteking veroorsaak. Sien ook kaarte van belangrike siekte-uitbreke in beeste soos gerapporteer deur veeartspraktike van die Herkouer Veterinêre Vereniging van Suid-Afrika (RuVASA).

Insek- en bosluisoorgedraagde siekte. Knopvelsiekte (2017)

Balfour, Bethal, Delmas, Ermelo, Grootvlei, Lydenburg, Malalane, Middelburg, Nelspruit, Piet Retief, Standerton, Volksrust, Bapsfontein, Bronkhorstspuit, Magaliesburg, Nigel, Onderstepoort, Pretoria, Bela-Bela, Makhado, Modimolle, Mokopane, Polokwane, Vaalwater, Brits, Christiana, Klerksdorp, Leeudoringstad, Lichtenburg, Rustenburg, Schweizer-Reneke, Stella, Ventersdorp, Vryburg, Bethlehem, Bloemfontein, Bothaville, Bultfontein, Clocolan, Ficksburg, Frankfort, Gariepdam, Harrismith, Hertzogville, Hoopstad, Kroonstad, Ladybrand/Excelsior, Memel, Parys, Philippolis, Reitz, Senekal, Smithfield, Trompsburg/Springfontein, Viljoenskroon, Villiers, Vrede, Wesselsbron, Winburg, Zastron, Bergville, Camperdown, Dundee, Eshowe, Estcourt, Howick, Kokstad, Mtubatuba, Newcastle, Pietermaritzburg, Pongola, Underberg, Vryheid, Aliwal-Noord, Cradock, Graaff-Reinet, Middelburg, Queenstown, Malmesbury, Riversdal, Colesberg, De Aar, Kathu, Kimberley, Kuruman, Postmasburg, Upington



Insekoorgedraagde siekte. Drie-dae-stywesiekte (2017)

Balfour, Bethal, Delmas, Ermelo, Grootvlei, Lydenburg, Malalane, Middelburg, Nelspruit, Piet Retief, Standerton, Volksrust, Bapsfontein, Bronkhorstspuit, Magaliesburg, Muldersdrift, Onderstepoort, Pretoria, Bela-Bela, Makhado, Mokopane, Polokwane, Vaalwater, Brits, Christiana, Klerksdorp, Leeudoringstad, Lichtenburg, Rustenburg, Vryburg, Bethlehem, Bloemfontein, Bothaville, Bultfontein, Clocolan, Ficksburg, Frankfort, Harrismith, Hertzogville, Kroonstad, Ladybrand/Excelsior, Memel, Philippolis, Reitz, Senekal, Trompsburg/Springfontein, Viljoenskroon, Villiers, Vrede, Wesselsbron, Winburg, Zastron, Bergville, Camperdown, Dundee, Eshowe, Estcourt, Howick, Kokstad, Moirivier, Newcastle, Pietermaritzburg, Pongola, Underberg, Vryheid, Alexandria, Aliwal-Noord, Jeffreysbaai, Middelburg, Queenstown, Caledon, Heidelberg, Vredenburg, Wellington, De Aar, Kimberley, Upington



Parasietbeheer

As dit kom by uitwendige parasiete is die Asiatiese bloubosluis heel bo-aan die lys.



Die bosluis dra Afrika, Asiatiese rooiwater asook anaplasmose. Die bloubosluis is eengasheerbosluis wat beteken dat die larwes, nimfe en volwassenes op een dier voorkom. Diere met besmette bosluis word ingekoop en al word hulle gedip, kan hulle oorleef weens weerstand teen

die dipmiddel. Die lewensiklus van die bloubosluis is ongeveer 21 dae. Dip diere by aankoms met meer as een aktief en hou hulle vir ten minste 4 weke in 'n kwarantynkamp apart van die kudde om seker te maak dat alle bosluis gedood is. Van die aktiewes wat ek voorstel gebruik moet word, is amitras en 'n makrosikliese laktoon en daarna moet seker gemaak word dat daar nie nog volgesuigde wyfies waargeneem kan word nie.

Inwendige parasiete kan ook op die plaas ingebring word. Lewerslakwurm is dodelik en deur diere met 'n middel wat triklabendasool bevat te behandel, kan meeste van die parasiete beheer word om te voorkom dat hulle die waterslakke (tussengashere) op die plaas besmet. Die lewensiklus van hierdie slakwurms is 56 dae en beeste kan selfs 2 keer behandel word voordat hulle in nat plekke gaan wei.

Bloubosluise (2017)

Balfour, Bethal, Delmas, Ermelo, Groenivlei, Lydenburg, Middelburg, Nelspruit, Piet Retief, Standerton, Volksrust, Bapsfontein, Bronkhorstspuit, Magaliesburg, Pretoria, Bela-Bela, Modimolle, Makhado, Mookopane, Polokwane, Brits, Klerksdorp, Leeudoringstad, Lichtenburg, Stella, Ventersdorp, Vryburg, Bethlehem, Bloemfontein, Clocolan, Dewetsdorp, Ficksburg, Frankfort, Harrismith, Hertzogville, Hoopstad, Kroonstad, Ladybrand/Excelsior, Memeel, Reitz, Senekal, Smithfield, Viljoenskroon, Villiers, Vrede, Winburg, Zastron, Bergville, Dundee, Estcourt, Howick, Kokstad, Moorivier, Mtubatuba, Pietermaritzburg, Pongola, Underberg, Vryheid, Alexandria, Aliwal-Noord, Graaff-Reinet, Humansdorp, Middelburg, Stutterheim, Caledon, Darling, George, Heidelberg, Malmesbury, Oudtshoorn, Plettenbergbaai, Riversdal, Wellington



Gifplante en ander chemiese stowwe

Wees deglik bewus van waar gifplante op die plaas voorkom. Diere wat ingekoop word, is dikwels onbewus van die giftigheid van hierdie plante en groot vrektes kan voorkom as hulle van die plante vreet. Voorbeelde wat dikwels in die Herkouer Veterinêre Vereniging se maandverslae gerapporteer word, is: inkbessie (Cestrum), tulp, gifblaar, gousiekte, Senecio, Lantana en slangkop.

Maak seker dat asgate goed afgekamp en ontoeganklik vir diere is – te dikwels word vrektes aangemeld van loodvergiftiging (batterye) en gifstowwe wat gevreet is (ureum, hoendermis, bene).

Toets alle boorgate vir watergehalte en koliforme bakterieë. Fluorose het al erge probleme veroorsaak.

Spoorminerale

Ontleed lewer, grond en watermonsters vir spoorminerale om vas te stel of daar enige tekorte of antagoniste teenwoordig is wat vrugbaarheid groei kan affekteer?

LAASTE GEDAGTE

Boerdery is 'n edele beroep, maar as ek kyk na programme oor presisieboerderypraktike in ons susterbedrywe dan durf ons nie agterraak met presisieboerdery in die veebedryf nie! ■

Inligtingsbronne:

Vra vir Faffa op www.landbou.com, klik op Indeks van antwoorde Nasionale Dieregesondheidsforum www.nahf.co.za, klik op Info centre RuVASA www.ruvasa.co.za, klik op Disease reporting

Geskryf deur dr. Faffa Malan, Bestuurder van die Herkouer Veterinêre Vereniging van Suid-Afrika (RuVASA)

“Maak seker dat asgate goed afgekamp en ontoeganklik vir diere is – te dikwels word vrektes aangemeld van loodvergiftiging (batterye) en gifstowwe wat gevreet is (ureum, hoendermis, bene).”

Average ICP for the herd 371 days

GORDON AND KATIE GILFILLAN

083 545 8653 or 087 808 2712 | gk.gilfillan@gmail.com



Defined by Nature



Perfected by Science

Photos by Wayne Southwood

GLEN HEATH TULI STUD



6TH

ANNUAL PRODUCTION SALE | 19 SEPTEMBER 2018



Sentrale Tuli Groepveiling
DV Februarie 2019
Go West Veiling
18 Oktober 2018



Ganna Tuli
kwalifiseer vanjaar vir
'n toekenning in die Vleisbees
kudde kompetisie van
SA Stamboek

Ganna Boerdery se strewe:

- Erkenning aan ons Skepper
- Kwaliteit
- Prestasiewaardes voortdurend te verbeter

Michiel van Niekerk
083 269 8443 | giel@isat.co.za

Plaas Perdeberg Noord, Perdeberg, Boshof distrik
Posbus 28116, Danhof, 9310



www.unistelmedical.co.za

Unistel®

Medical Laboratories

Tel: +27 21 938 9213 • Fax: +27 21 932 0065

E-mail: animals@unistelmedical.co.za

The ultimate genetic service laboratory for:

Identity:

- DNA-Profile and Parentage

Genomic Profile:

- GeneSeek 150k
- Igenity Profile

Genetic Conditions:

- Chediak Higashi Syndrome (CHS)
- Claudin 16 Deficiency Type 1 (CL16)
- Factor X1 Deficiency (F11)

Also available:

- Traits of economic importance
- Double Muscling
- Freemartinism
- Others on request